# Rustenburg Gemeenskapskerk

**8 SEPTEMBER 2024**


Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 2703086
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902


## Hartlik welkom vandag by die Kerk

09h00: Erediens,
Kleuterkerk en Glow kids
10h00: Top Tieners
Tee - Omgeegroepe 5+6

Dankie

Baie dankie vir almal se helpende hande, tyd en ondersteuning tydens ons Gospelfees. Dit was weereens een vir die boeke

## Belangrike datums - maak asb 'n nota in jou dagboek

8 November: RGK voedsel vir behoeftiges Golfdag by Mooinooi
24 November: Kerssangdiens
1 Desember: Belydenis van geloof geleentheid

## Dames 2.4 - Berg-kuier

3 Oktober vanaf 17h00—19h00
Bring saam: Vriendinne , braaiworsie en koeldrank
- Plek sal later aangekondig word

## Manne 2.4 Berg-kuier

By Nico Roux Wild bedryf
17 Oktober vanaf 17h00-19h00
Bring saam: Vriende, braaiworsie en koeldrank

## Teebeurte

8 Sept - Omgeegroepe 5+6
15 Sept - Omgeegroepe 7+8
6 Oktober - Omgeegroepe 9+10

## God gebruik sefs die foute wat ek maak...

Rom 8:28: "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is."

Kom ons wees maar eerlik – ek en jy kan darem simpel goed aanvang van tyd tot tyd. Ons begaan baie foute. Maar daar is niks wat jy kan doen wat buite God se kapasiteit val om selfs dit tot sy guns te gebruik nie. Ons maak foute, maar God nie. Wanneer ons foute begaan, kan God ook ten goede laat uitwerk.
Hierdie is egter nie 'n belofte vir almal nie. Dit geld nie vir mense wat in rebellie leef teenoor God of mense wat nie leef volgens God se doelstellings nie. Hierdie is 'n belofte vir mense wat graag na God se doel wil leef, al begaan hulle foute. Ek wil graag die regte ding doen, ek wil graag Jesus volg en op Hom vertrou. Wanneer dit my gesindheid is, sal God al my foute ten goede gebruik.
Dis 'n belangrike rede om bly te wees! Wanneer jy jou lewe in God se hande plaas beteken dit nie dat jy skielik foutloos word of nooit foute sal begaan nie. Jy sal nog steeds swak besluite neem – jy sal nogsteeds soms opmors, maar God pas dit alles in by sy plan vir my lewe. Is dit nie wonderlike nuus nie?
Daar is nie 'n Plan B vir jou lewe nie. Voor jy gebore is het God al klaar geweet van al die foute wat jy gaan maak. Hy het ook geweet hoe Hy daardie foute sou inpas by sy groot plan met jou lewe. Wat beteken dit alles? Jy kan maar ontspan en ophou angstig wees oor jou lewe en die foute wat jy begaan het. Doen jou bes met dit wat God vir jou gegee het. Jy kan leef met vertroue en vreugde, wetende dat God alles in jou lewe sal inwerk in sy plan vir jou lewe.

## i - toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- **Nuwe selfoonnommers / E-posse**
- **adresse en veranderinge**
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke

## Help asb met ons maandelikse verpligtinge:

1. Huur van skoolsaal
2. Standplaas en bediening
3. Barmhartigheidswerk
4. Versekering
5. Admin-fooie
6. Vervoerkostes
7. Jeugbediening

Dankoffers word gegee weens ons dankbaarheid aan God vir al Sy seëninge
"En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie?"– 1 Kor. 4:7

## Verjaarsdae 8-14 September 202

8-Deoné Schoeman
10-Andrew Brown (s)
Louisa Wagener
12-Piet Teessen
13-Lana Pieterse
Wilmien Stapelberg
Jan van der Merwe
14-Maddy Harvey




## Dankoffers

**Ons Kerk se:**
- **instandhouding**
- **groei**
- **hulpverlening**

**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**

☑ **EFT**
☑ **Stoporder**

## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

## Bid vir ons lidmate

- Hennie Williams (6)
- Frikkie Visser(1) - Lenie Opperman (8)
- Hannetjie Barnard (1) - Ivy Swart (1)
- Ina Pretorius (3) - Buks Pieterse(3)
- Breggie Opperman (8) - Alet Visser (1)
- Ansie Botha(14) - Gertie de Meyer (1)
- Marli Buys (14) - Andrew Brown (9)